

DIE VESTIGING VAN DIE EERSTE VRYBURGERS AAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP (SLOT)

D. *Eerste Reëlings in verband met Verdediging, Plaaslike Bestuur en Slawe-arbeid aan die Kaap*

Van Riebeeck het reeds voor die aanvaarding van die Kommandeurs-amp, die gevare waaraan die Verversingspos onderwerp was, deeglik besef. Dit blyk reeds uit sy „Nadre Consideratie off Bedenckinge op eenige Pointen der Remonstrantie door S. Leendert Jansz”,¹ waarin hy ondermeer verklaar dat die Hottentotte onbetroubaar, brutaal en gewetenloos is.²

Ondervinding aan die Kaap het hierdie siening van Van Riebeeck as realities bewys. Dit was veral na die vestiging van die vryburgers dat die onbeskaafde karaktertrekke waarvan hy melding gemaak het, deur die Hottentotte gedemonstreer is.

Voor 1657 het die Kaapse Fort nog genoeg beskerming gebied, maar daarna het vryburgers wat hulle as boere op groot afstande van die fort gevestig het, nuwe dringende eise aan die verdedigingstelsel van die Kaap gestel.³ Op hierdie voorposte was kontak en botsing met die Hottentotte onvermydelik. Die Strandlopers en die Kaapmans, verklaar Böeseken, „zagen het begin van blanke kolonisasie aan de oevers van de Liesbeek met leede oogen aan en toonden hun misnoegen duideljk door onophoudeljk veediefstal te plegen”.⁴

Van die kant van die owerheid was daar nooit enige onwilligheid om die vryburgers teen diefstalle en moontlike aanvalle deur die Hottentotte te beskerm nie. Soos op ander terreine die geval was, het Van Riebeeck ook hier met sy kenmerkende ywer en nougesetheid te werk gegaan en sy goeie organisasievermoë ten beste van almal aangewend. Soms, indien sy pogings om die vryburgers veiligheidsbewus te maak, betrag word, wek dit die indruk dat hy meer as die burgers self oor hul veiligheid begaan was. Maar indien dit nie vir sy waaksame, doelgerigte en taktvolle optredes was nie, val dit te betwyfel of sake wel uiteindelik so gunstig sou verloop het.

In moderne taal kan die offisiële beleid wat ten opsigte van die Hottentotte gevolg is, as een van „vreedsame naasbestaan” beskryf word. Van Goens het aanvanklike menings dat hulle na Robben- of Dassen-eiland weggevoer behoort te word as „barbaars en onchristelik”⁵ bestempel en die uiters onpraktiese plan aan die hand gedoen dat ’n kanaal tussen Tafel- en Valsbaai gegrawe moes word. Hierdeur het hy gemeen, kon die binnelandse stamme uitgehou word, terwyl die blankes in een sone

1. Böeseken, A. J.: *Nederlandsche Commissarissen aan de Kaap (1657-1700)*, p. 74.

2. *Ibid.*, pp. 74-75.

3. *Ibid.*, p. 74, asook Roux, P. E.: *Die verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollands-Oosindiese Kompanjie (1652-1759)*, (gepubliseerde M.A.-verhandeling, 1925), pp. 49-50.

4. Böeseken, A. J. *op. cit.*, p. 74.

5. *Ibid.*, p. 75.

kon konsentreer waar hulle veiligheid beter verseker kon word.⁶ Sy instruksies dat gepoog moes word om die Hottentotte tot groter vriendskaplikheid oor te haal, had meer praktiese en permanente waarde.⁷ Laasgenoemde instruksies het ook gestrook met die amptelike beleid wat deur die Here XVII voorgeskryf is.⁸

Van Riebeeck het hierdie beleid nougeset probeer navolg en handelende optrede is eers gevolg nadat alle ander pogings misluk het. Hiervan getuig veral die voorkomende maatreëls wat hy getref het, soos byvoorbeeld:

(a) Op 7 Augustus 1657 het hy 'n streng waarskuwing aan vryburgers uitgereik om strengere kontrole oor hulle vee te hou. Hierdeur het hy gemeen sou diefstalle verhoed, en dispute met Hottentotte sodoende vermy kon word.⁹

(b) Op 5 Julie 1658 het hy 'n ooreenkoms met die Kaapmans getref ingevolge waarvan hulle nie op vryburger- en Kompanjiesgrond mag oortree nie, maar hulle permanent aan die oostekant van die Sout- en Liesbeekriviere moet vestig.¹⁰

(c) Op 23 Julie 1658 het hy 'n inspeksiereis uitgevoer ten einde vas te stel van watter roetes Hottentotte vir veediefstalle gebruik mag maak, en watter voorkomende maatreëls getref kan word.¹¹

(d) Op 24 Oktober 1658 is 'n Plakkaat wat vryburgers verbied om Hottentotte naby of in hulle huise toe te laat, uitgevaardig. Hierdeur is gemeen, sou verhoed kon word dat die vryburgers onverhoeds betrap en vermoor en besteel kon word.¹² Op 13 Maart 1660 word hierdie waarskuwing as gevolg van verslegtende verhoudings met die Hottentotte by wyse van 'n nuwe Plakkaat herhaal.¹³

(e) Ten einde te verhoed dat die Hottentotte ongekontroleerd die blanke area instroom, is vestingswerke („Reduijten”)¹⁴ en heinings op strategiese plekke opgerig en met wagte beman.¹⁵ Hierbenewens is berede wagte („Ruyterwacht”) ook gebruik om die vryburgers se gesaaides en lewende hawe te bewaak.¹⁶

(f) Ten einde goeie verhoudinge met die Hottentotte te bevorder, asook om hulle duidelik te laat verstaan wat hulle gedragskode teenoor die

6. Leibrandt, H. C. V.: *Precis of The Archives of the Cape of Good Hope*, Vol. II, p. 285.

7. *Ibid.*, p. 288. Rapport van Kommissaris Rijckloff van Goens waarin hy verklaar: „hebbe ick den Commandeur Riebeeck geïnstrueert haer (die Hottentotte) alle wel te bejegenen ende liever ongelijk lijden, als 't zelve te wreecken . . .”.

8. *Ibid.*, p. 158 en p. 181.

9. Bosman en Thom: *Daghregister* (Deel II), p. 154.

10. *Ibid.*, pp. 325-328.

11. *Ibid.*, p. 345.

12. *Ibid.*, p. 398.

13. Jeffreys, M. L.: *Kaapse Plakkaatboek*, p. 58.

14. Leibrandt, H. C. V.: *Op. cit.*, *Letters Received*, Vol. II, pp. 286-288. Asook Bosman en Thom: *Op. cit.*, (Deel II), pp. 142-143.

15. *Ibid.* (Deel III), pp. 114-115 en pp. 126-127. (Verwys na oprigting van „pega-pega” of heining met drie wagtoringe genaamd „Keert de Koe”, „Kijckuijt” en „Houdt den Bul”).

16. *Ibid.*, pp. 55-56 en pp. 232-233.

blankes behoort te wees, het Van Riebeeck selfs (na skermutselings) vredesooreenkomste met hulle aangegaan.¹⁷ Dat hierdie ooreenkomste nie 'n teken van swakheid was nie, blyk duidelik uit Van Riebeeck se verklaring aan die Gorachouquas dat alhoewel die blankes die mag het om hulle uit te wis, dit tog hul begeerte is om in vrede en vriendskap met hulle te verkeer.¹⁸

Ten spyte van hierdie beleid om in vrede en vriendskap met die Hottentotte te verkeer, kon ernstige botsings nie vermy word nie. Van Riebeeck het, toe die veiligheid en belange van die vryburgers op die spel was, nie gehuiwer om ferm op te tree nie. Verder het hy ook gesorg dat die vryburgers by hul eie verdediging betrek word deur hulle kosteloos te bewapen,¹⁹ hulle as wagte by vestingswerke en heinings te gebruik²⁰ en deur 'n burgermag uit hulle geleedere te organiseer.²¹

Hierdie verdedigingsfunksie is sonder teenstribbeling deur die vryburgers aanvaar²² en waar dit te kort geskiet het, het Van Riebeeck die hulp van V.O.C.-soldate ingespan.²³

Aangesien die vryburgers so direk met die verdediging van die Kaap teen die plunderende Hottentotte gemoeid was, het hulle ook 'n definitiewe standpunt ingeneem oor hoe, volgens hulle mening, teen die Hottentotte opgetree behoort te word. Hierop het die owerheid ag geslaan, want op die vooraand van die Hottentotoorlog van 1659, toe verhoudings met die inboorlinge 'n laagtepunt bereik het, word die twee vryburgerrade oor moontlike optrede geraadpleeg. By hierdie geleentheid is hulle met volle stemreg op die Politieke Raad toegelaat en kon hulle aan besprekings insake optrede teen die Hottentotte deelneem.

Dit is belangrik om daarop te let dat die Politieke Raad ten tye van bogenoemde sitting juis oorweging aan 'n petisie, waarin die vryburgers op sterker optrede teen die plunderende en moordende Hottentotte aandring, geskenk het. Hierdie petisie getuig van verontwaardiging oor laasgenoemdes se astrantheid, teleurstelling in die V.O.C. se weifelende optrede en groot selfvertroue in eie krag.²⁴

Hoe deeglik die Politieke Raad op die gevoelens van die vryburgers ag geslaan het, blyk uit die daaropvolgende besluit dat 'n gewapende aanval op die Hottentotte geloods, en dat daar op hul vee beslag gelê moes word. Hierdie besluit, geneem na omsigtige besprekings, het egter gepaard gegaan met 'n verwysing na die gevare aan oorlogvoering verbonde. Gedagtig hieraan, besluit die Politieke Raad dat die vryburgers die onder-

17. *Ibid.*, pp. 198-199.

18. *Ibid.*, p. 207.

19. *Ibid.*, (Deel II), pp. 315-316.

20. *Ibid.*, (Deel III), pp. 51-52.

21. *Ibid.*, p. 34.

22. Roux, P. E.: *op. cit.*, p. 50.

23. Bosman en Thom: *op. cit.*, (Deel III), pp. 49-50. Op hierdie dag het die Kommandeur opdrag gegee dat soldate vryburgers se huise teen verdere Hottentootaanvalle moet beskerm. Op hierdie stadium was vier plase al geruineer.

24. Vgl. Bosman en Thom: *op. cit.*, (Deel III), pp. 37-38.

neming teen die Hottentotte op eie risiko aanpak en dat die V.O.C. geen vergoeding in geval van skade aan hulle sal laat toekom nie.²⁵

Die bydrae wat die vryburgers tot die Kaap se verdediging gelewer het (daar was ook 'n permanente garnisoen van gemiddeld 100 man), was nie ongeorganiseerd nie. Kragtens 'n Resolusie van die Politieke Raad, geneem op 1 Mei 1659 is [„(sodat) goede ordre ende regel g'observeert werde”]²⁶ 'n behoorlik geordende burgermag in die lewe geroep. Hierdie eenheid, waarin vir ekwivalente offisiërsrange as in die V.O.C.-garnisoen voorsiening gemaak is, het onder die bevel van 'n sersant, twee korporaaals en 'n dromslaner gestaan. Met die uitsondering van laasgenoemde is die offisiere jaarliks deur die Kommandeur en sy Politieke Raad aangestel nadat 'n dubbele lys name deur die burgerrade, die sersant en eerste korporaal van die burgermag voorgelê is.²⁷

In dieselfde Resolusie is ook bepaal dat die offisiere en manskappe „haer vorders sullen hebben te reguleren in alles na de ordres dienaengaende voor de vrije schutters ende borgers tot Batavia gestelt, verstaende voor sooveel met dese residenten ende coloniërs sal kunnen ende mogen overeencomen . . . ”.²⁸

Op hierdie wyse is die Hottentot-bedreiging dus die hoof gebied.

Hierdie burgermag, wat in sy oorsprong niks meer as 'n middel om die inboorlinggevaar te bestry, was nie, is uit 'n historiese oogpunt nogal belangrik omdat dit die eerste stappe van 'n burgerverdedigingstelsel, wat deur die jare in Suid-Afrika ontwikkel is, verteenwoordig.²⁹ Maar miskien nog belangriker as laasgenoemde is die feit dat hierdie „burgermiliesie”³⁰ die leeu-aandeel gehad het in die werklike verowering van grondgebied vir toekomstige blanke bewoning.³¹ Hierbenewens, gesien in die lig van die tyd waarin dit plaasgevind het, verteenwoordig hierdie militêre organisasie 'n verdere bewys van die feit dat die owerheid die vryburgerbevolking as 'n afsonderlike groep met spesifieke regte en verpligtinge erken het. Regte, vir soverre hulle beskerm moes word, en verpligtinge vir soverre hulle 'n aandeel in hul eie verdediging moes neem. Die spontaneïteit waarmee die vryburgers hulle verpligtinge in bogenoemde opsig aanvaar het, getuig van hulle verantwoordelikhedsin, asook in 'n sekere mate van rypheid om 'n groter aandeel in die reël van eie sake

25. *Ibid.*, p. 47. Op 21.5.1659 was die vryburgers alreeds van 68 beeste en 67 skape beroof. Niteenstaande hierdie besluit het die V.O.C. nogtans diegene wat deur diefstalle geruïneer was in diens geneem ten einde aan hulle 'n heenkome te besorg — kyk *Dagregister* 21 Mei 1659 asook Roux, P. E.: *Op. cit.*, p. 50.

26. *Ibid.*, p. 34.

27. *Ibid.*

28. *Ibid.*

29. Roux, P. E.: *op. cit.*, p. 50.

30. *Ibid.*

31. Bosman en Thom: *op. cit.*, (Deel III), pp. 197-199. Na aanleiding van 'n dispuut tussen Van Riebeeck en die Kaapmans oor grondgebied, het eersgenoemde verklaar dat die Kaapmans „dat landt nu met den oorlogh verloren hadden ende daerom geen ander staet te maecken als hetselve voortaan glad quiet te sijn . . . ons dan haer landt, door diffenciven oorlogh rechtvaardigh als met 't swaert gewonnen, was toegevallen, ende 't welck wij oock voornemens waren te behouden.”

te hê. Toe die owerheid oorversigtig en huiwerig optree insake die dreigende Hottentotgevaar, het hulle nie gehuiwer om hom op sy verpligtinge te wys en op aksie aan te dring nie.

Dit was egter nie net die Hottentotte wat die vrede bedreig het nie. Soms was die gevaar ook van vreemde skepe afkomstig. Byvoorbeeld toe die Franse skip *La Marichal* in Mei 1660 naby die Kaapse strand in die moeilikheid beland en sy bemanning aan die Kaap moes oorbly, het die Politieke Raad ook uitgebreide veiligheidsmaatreëls afgekondig. Hierdie matrose is bv. van hul wapens ontnem, verbied om godsdienstebyeenkomste te hou (omdat hulle Rooms-Katolieke was), asook om die binneland in te gaan. Hierbenewens is die vryburgers ook opdrag gegee om aan geeneen van die Franse matrose herberg te verskaf sonder skriftelike toestemming van die Kompanjiesekretaris nie, asook om aan die owerheid te rapporteer indien hierdie matrose hul huise gewapend binnekom. Drank kon alleen aan die Franse verkoop word met toestemming van die owerheid.³²

E. *Verhouding met die Owerheid: Op die gebied van Regspraak en die handhawing van Interne orde en Dissipline*

1. *Aanstelling van Burgerrade*

In vorige besprekings is reeds na die samestelling van die Politieke Raad en die aandeel wat die vryburgerrade daarin gehad het, verwys. Klem is veral ook op die belangrikheid van die besluit om die vryburgers 'n aandeel in die reëling van hulle eie sake te gee, gelê.

In beginsel was hierdie verteenwoordiging wat die vryburgers op die Politieke Raad gehad het nie so demokraties soos dit met die eerste oogopslag mag blyk nie. Die burgers kon wel die burgerrade van hul keuse aan die Kommandeur en Politieke Raad bekendstel, maar laasgenoemdes was nie daardeur gebind nie en kon manne van eie keuse die vakatures laat vul.³³ Vrye verkiesings was in hierdie tydsgewrig nog iets onbekend in die Nederlandse Republiek en die nominasiestelsel wat aan die Kaap gevolg is, was volgens Theal „ . . . the nearest approach to such a system”.³⁴

Die eerste burgerraad (1657) asook sy opvolger is deur Kommissaris Van Goens aangewys. Geen bewyse kan egter gevind word dat die vryburgers as groep eers geraadpleeg is nie. In sy instruksies aan Van Riebeeck, het die Kommissaris kennis gegee van sy besluit om, ten einde die vryburgers „in haer recht te mainteneren . . . een van de oudste ende eerlijkste in dat geval in den raadt acceptteeren, ende benevens UE. ordinaire raaden concluderende stemme laten hebben, voor 't eerste jaer soude ick daertoe nomineren den oudsten genaempt Steven, ende toecomende jaer Herman Remajenne, alsoo sij bejide de principale aenvoerders van dat wercq (landbou) ende oocq de verstandighste sijn; de sit-

32. *Ibid.*, p. 231.

33. Vgl. voetnotas 29-31.

34. Theal, G. M.: *History of South Africa*, p. 15.

plaets moet dan oocq niet aff wesen maer tusschen uwen tweeden persoon en den sergeant".³⁵

In die volgende jaar is die aantal burgerrade na twee vermeerder en op 22 Junie 1658 het die vryburgers die name van vier moontlike kandidate, nl. Hendrick Boom, Jan Reijnierssen, Herman Remajenne en Jacob Cornelissen by die Politieke Raad ingehandig. Van hierdie vier is slegs die kandidatuur van H. Boom gunstig oorweeg, aangesien die Raad kontinuïteitsonthalwe verkies het om die dienste van S. Jansz as senior burgerraad te behou.³⁶ Daar is dus nie alleen van Rijckloff van Goens se instruksies dat Herman Remajenne Steven Jansz. se opvolger moes wees afgewyk nie, maar ook is iemand wat gladnie deur die burgers genomineer is nie, aangestel.

Soortgelyke optrede is ook in 1659 deur die Politieke Raad gevolg. Uit 'n lys wat die name van Jan Reijnierssen, Jacob Cornelissen, Wouter Cornelissen en Jan Rietveldt ingesluit het, is slegs dié van Jan Reijnierssen aangeneem. Om soortgelyke redes as waarom S. Jansz. die vorige jaar behou is, word H. Boom hierdie keer tot senior burgerraad gepromoveer.³⁷

Hierdie praktyk, nl. om burgerrade 'n tweejaartermyn te laat dien, is egter nie konsekwent nagevolg nie, aangesien beide Wouter Mostaert en Leendert Cornelissen in 1660 as nuweling in die vakatures aangestel is. In lg. jaar het die Politieke Raad ook vir die eerste keer twee van die vryburgers se vier nominasies aanvaar. Die genomineerdes wat nie suksesvol was nie, was Jacob Cloeten en Joris Janssen.³⁸

Dat die burgerrade hulle amp met waardigheid moes beklee, blyk uit 'n Resolusie wat die Politieke Raad op 5 Oktober 1661 geneem het. By hierdie geleentheid het dié Raad besluit om Leendert Cornelissen van sy burgerraadamp te onthef omdat hy „ . . . in plaetse van de vrije luiden met alle eerlijke en stichtelijke exempelen voor te gaan, sigh dagelijcx en langs soo meer gedeboucheert aenstelt met drincken, clincken, vechten, smijten ende leelijck spreekken etc. tot disrespect niet alleen van sijn eijgen persoon en soo aensienlijk ampt, maer ook tot verdovinge van de luijster des Raedts, in dewelke over vrije luiden messusen ijets te doen wesende, sijn sitplaets en stem heeft gehadt: om te helpen sensuren . . . ”.³⁹

Hendrik Boom, wie se naam deur die vryburgers vir die vulling van die vakature opgegee is, is gevolglik deur die Politieke Raad in die plek van Cornelissen aangestel.⁴⁰

2. Uitoefening van Regspraak

Volgens 'n Resolusie van die Politieke Raad van 21 Februarie 1657, het die vryburgers onder dieselfde „burgerlijkke wetten ende rechten”

35. Leibbrandt, H. C. V.: *op. cit.*, (*Letters Received, Vol. II*), p. 251.

36. Bosman en Thom: *op. cit.*, (Deel II), pp. 312-313.

37. *Ibid.*, (Deel III), p. 34.

38. *Ibid.*, p. 215.

39. *Ibid.*, p. 401.

40. *Ibid.*

gestaan as wat „na de vaderlantse ende Indische manieren gebruijckelijck is, ofte na desen tot dienst van d' E. Compagnie ende meerder welvaert van 't gemeen bevonden sal worden te behoren ende bij placcaten ofte andersints te stellen . . . ende van onse Heeren Principaelen uijt 't Patria vorders g'ordonneert cunnen worden, soo het d' selve Haer Ed. ten besten sullen bevinden te vereijsschen”.⁴¹

Hierdie beginsels moes dus deur die vergrote Politieke Raad by die handhawing van interne orde en dissipline ten opsigte van die vryburgergemeenskap gehandhaaf word.

Gevalle waar die vryburgers met die gereg gebots het, het algemeen voorgekom. Die algemeenste misdade waaraan hulle nul skuldig gemaak het, was diefstal, onwettige handel en aanrandings. Ernstige gevalle soos by. moord, is na die Raad van Justisie in Batavia verwys.⁴² 'n Oortreding wat baie probleme opgelewer het, was onwettige versteking op skepe.⁴³ Vryburgers wat op hierdie manier daarin geslaag het om van die Kaap te ontvlug, het gewoonlik skulde agtergelaat en hierbenewens het hulle ook die bepalings van die kontrakte in terme waaraan hulle hul vryheid ontvang het, oortree. Gevolglik is streng voorsorgmaatreëls⁴⁴ getref en indien alle hoop vir die terugkeer van 'n verstekeling laat vaar is, is so 'n persoon se besittings onteien en tussen die V.O.C. en ander skuldeisers verdeel.⁴⁵

In geval van alle oortredings, het verhoore egter volgens die neergelegde prosedures geskied. Die feit dat die prosedures vir die teenwoordigheid van vryburgers op die regbank voorsiening gemaak het, verteenwoordig 'n element van regverdigheid en objektiwiteit. Hierdie burgerrade was gewoonlik beter met hulle mede-vryburgers se omstandighede bekend, en kon dus die Politieke Raad volkome op hoogte stel voordat vonnisse gevel is.

F. *Die Verhouding met die Owerheid: Op die gebied van Slawe-arbeid*

Sedert die aanvaarding van sy amp as Kommandeur van die Kaapse verversingspos, het Van Riebeeck ywerige pogings om die mannekragtekort deur middel van slawe-arbeid op te los, aangewend.⁴⁶ Hiermee was hy nie dadelik suksesvol nie, en behalwe vir enkele huisslawe, moes hy die eerste vyf jaar sonder hul arbeid klaarkom.⁴⁷

Dit was veral met die koms van die vryburgers in 1657 dat die arbeidstekort baie opsigtelik geword het. Inderwaarheid het Van Riebeeck hierdie probleem voorsien, want op 28 April 1655 het hy aan die Here

41. *Ibid.*, p. 103.

42. *Resolusies van die Politieke Raad: Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 30, p. 78, p. 109, pp. 140-41, p. 143, p. 206, pp. 219-220, pp. 231-232, p. 234, p. 235, p. 310.

43. Bosman en Thom: *op. cit.*, (Deel II), p. 414.

44. *Resolusies van die Politieke Raad, op. cit.*, pp. 149-150, p. 177, p. 195, p. 232, pp. 236-237, p. 240, p. 263. Kyk ook Jeffreys, M. K.: *op. cit.*, pp. 45-46.

45. Bosman en Thom: *op. cit.*, (Vol. III), pp. 208 e.v.

46. Blommaert, W.: *Het Invoeren van de Slavernij aan de Kaap, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1938, Deel I, pp. 1-24.

47. Böeseken, A. J.: *op. cit.*, p. 59.

XVII geskryf dat indien dit hulle plan was om 'n kolonie in die lewe te roep, daar goed begryp moes word dat „de vrije huisgesinnen niet al de landarbeid alleen zullen kunnen verrichten, en ze alleen met behulp van goedkope handenarbeid 'n bestaan zullen kunnen maken”.⁴⁸

Dit is interessant om daarop te let dat Van Riebeeck se pogings om slawe na die Kaap te laat invoer, nie die volle steun van die Raad van Indië gehad het nie. Dit blyk uit 'n skrywe wat lg. Raad op 13 Desember 1658 aan hom gerig het. Hierin is verklaar dat „de colonie sal ons bedunckens ginder met Europeanen en door geen slaven dienen voortgeseth ende gefondeert te worden, vermits onse natie van sulcken aert is, dat sij wanneer sij het gerijff van de slaven hebben, alsdan luij werden, ende de handen niet meer tot wercken willen uitsteecken, hetwelk in India onder onse Nederlanders een groot gebreck sij, waardoor d' Comp^e lichtelijck hier te lande noijt tot haer recht oogherck (om kolonies in die Ooste te vestig) en sal geraten, hetwelck nu aen de Caap (als er maer redelijcke quantiteit vrije luijden hun aldaer ter neder wilden setten) genoechlijck voor te comen is”.⁴⁹

Kommissaris Van Goens en natuurlik ook die Here XVII, was nie teen die invoer van slawe gekant nie. Met die besoek wat eersgenoemde in 1657 aan die Kaap gebring het, was die eerste slawe alreeds op pad, en kon hy inderdaad reëlings vir die distribusie daarvan tref. Dat die vryburgers se behoeftes hoë voorrang geniet het, blyk uit die Kommissaris se bepaling dat hulle bo V.O.C.-dienare voorkeur moes ontvang ten opsigte van die toekenning van slawe.⁵⁰

'n Verdere tegemoetkoming aan die vryburgers was die Here XVII se voorskrif dat addisionele krediet vir die koop van twee tot drie slawe aan hulle toegestaan moes word. Soos Van Riebeeck aan die beginjare,⁵¹ was die Here XVII ook geneig om slawe as 'n substituut vir blanke arbeid te sien. Dit blyk uit 'n skrywe wat op 31 Maart 1657 aan die Kommandeur gerig is. Hierin is Van Riebeeck aangesê om toe te sien dat slawe ambagte geleer word sodat met minder blankes klaargekom kan word „ . . . want om soodanigen aental volcx van hier off uijt Indiën successivelijck te spijsigen, soude de Compe te lastich vallen”.⁵² Die gevolg was dat slawe in groot getalle in die Kaap in gebruik geneem is.

Die verhouding tussen die vryburgers en hul slawe het probleme opgelewer.⁵³ Ook hier het die V.O.C. na willekeur ingemeng — nie-teenstaande die feit dat die slawe die eiendom van die vryburgers was nie. Die inmenging wat plaasgevind het, het hoofsaaklik op die wyse waarop slawe behandel moes word, betrekking gehad. Verskeie Plakkate is in hierdie verband uitgevaardig.

48. Blommaert, W.: *op. cit.*, p. 23.

49. Leibrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters received*, Vol. II, p. 91.

50. *Ibid.*, p. 245.

51. Vgl. *Supra*.

52. Leibrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Received*, Vol. II, p. 4

53. Jeffreys, M. K.: *op. cit.*, p. 36.

Dit moet egter genoem word dat hierdie kontrole ten opsigte van die behandeling wat slawe te beurt geval het, nie ongemotiveerd was nie. Baie vryburger-slawe het as gevolg van die behandeling wat hulle te beurt geval het, begin dros en op 6 Augustus 1658 moes die V.O.C. ingryp om te verhoed dat die burgers hulle slawe „fel en tyrannielyck”⁵⁴ behandel. In die Plakkaat wat op lg. datum uitgevaardig is, is die vryburgers ten strengste verbied om:

- (a) hul slawe vir enige oortreding behalwe „domesticquelyck”⁵⁵ te straf;
- (b) hulle slawe vas te bind en te gesel.

Verder het genoemde Plakkaat ook neergelê dat vir ernstige oortredings, daar volgens die ordonnansies en Statute van Indië teen slawe opgetree sou word.⁵⁶

Later het dit egter geblyk dat dit nie alleen die vryburgers se slawe was wat ontevrede was en gedros het nie. Ook die V.O.C.-slawe het begin dros. Gevolglik moes die Politieke Raad op 28 Augustus 1658 ’n verdere Plakkaat uitvaardig, bepalende dat alle slawe (behorende aan die V.O.C. en aan vryburgers), behalwe ou manne, vroue en kinders, in kettings geslaan moes word.⁵⁷

Ten spyte van al hierdie voorsorgmaatreëls, kon beter dissipline egter nie bewerkstellig word nie. Hierbenewens het ’n vlaag van weglouery plaasgevind op ’n tydstip toe die Hottentot-gevaar al dreigender begin word het. Dit was te veel vir die vryburgers en op 8 September 1658 het baie van hulle hul slawe aan die V.O.C. vir bewaring oorhandig omdat „sy ’t eenemaal uijtte natuyr tot weghlopen geneigen sijn”.⁵⁸

Gevolgtrekking

Vir ’n juiste gevolgtrekking met betrekking tot die vryburgers se regte en voorregte, met die vorige besprekings as agtergrond, kan daar vervolgens ’n waardasie van die vryburgers se politieke, ekonomiese en maatskaplike gedrag gegee word.

Politieke Terrein

Op hierdie terrein was die vryburgers onaktief, want nooit het hulle op enige regte aangedring nie. Trouens, die toegang wat hulle wel tot owerheidsmasjinerie ontvang het, het nie op hul eie aandrang plaasgevind nie, maar kan aan die regverdigheidsin van V.O.C.-Kommissaris Ryckloff van Goens, toegeskryf word.

Hieruit kan dus afgelei word dat daar onder die vryburgers as groep geen behoefte bestaan het om groter aandeel in die bestuur van die nedersetting te neem nie. Hiermee word ook in gedagte gehou dat die bestuur wat daar wel was, by verre nie volmaak was nie, en dat daar op grond van hierdie argument vir die vryburgers genoeg rede bestaan het om vir verbeteringe te agiteer.

54. *Ibid.*, p. 37.

55. *Ibid.*

56. *Ibid.*

57. *Ibid.*, p. 38.

58. Bosman en Thom: *op. cit.*, (Deel II), p. 371.

Dit moet dus aangeneem word dat die vryburgers geensins ryp was vir politieke deelname nie. Onder hierdie omstandighede strek dit 'n persoon soos Van Goens alleenlik tot eer dat hy bloot op regverdigheidsgrondslae verteenwoordiging op die regbank bewerkstellig het. Dié stap se konsekwensies kan dan ook alleen waardeer word indien dit teen die agtergrond van die politieke stagnasie wat daar aan die Kaap tydens die geheel van die Nederlandse tydperk geheers het, beskou word. Die feit dat die vryburgers (behalwe op die een geleentheid waarvan vooraf melding gemaak is), nie in 'n wetgewende hoedanigheid aan die regeringsproses kon deelneem nie, het hulle nogtans nadelig geraak. 'n Mens kan aanneem dat indien hulle seggenskap toegelaat is, hulle baie van die V.O.C. se onbillike ekonomiese maatreëls sou opponeer. As handelsmaatskappy sou die V.O.C. egter nooit toegelaat het dat sy belange op hierdie wyse geskaad word nie, daarom is wetgewende bevoegdheids (met uitsondering van bogenoemde geval) nie aan hulle toegesê nie.

Die regering aan die Kaap was geen volksregering nie. Voordat die twee burgerrade bygebring is, het dit uitsluitlik uit amptenare bestaan. Hierbenewens het daar ook geen grondwet in die moderne sin van die woord, waarin sekere regte en vryhede verskans was, bestaan nie. Dit blyk dus dat die politieke bedeling aan die Kaap, vir sover dit die vryburgers betref, op losse skroewe gestaan het. Die regte wat hulle onder hierdie omstandighede te beurt geval het, kon afhangende van die belange van die V.O.C., ter eniger tyd herroep of gewysig word. Laasgenoemde kon, as gewer van regte en voorregte, dieselfde regte en voorregte weer ontnem. Nogtans is die mate van politieke deelname wat tydens Van Riebeeck se termyn aan die vryburgers toegestaan is, gehandhaaf en selfs uitgebrei as die aanstelling van die tweede burgerraad in 1650 en die informele uitvoerende pligte wat deur die burgerade verrig is, in aanmerking geneem word.

Ten spyte van die politieke belangeloosheid van die vryburgers aan die een kant en die *ad hoc*-basis waarop politieke regte wel aan die ander kant aan hulle toegesê is, bly die feit nog staan dat hulle wel regte geniet het. In terme van die algemene demokratiese kriterium dat die individu reg moet hê om as regeerder of verteenwoordiger verkies te word, skiet die regte wat die vryburgers in hierdie verband geniet het, egter nog heelwat tekort. In die eerste plek is die burgerraadslede nie deur vrye verkiesings daargestel nie en tweedens was hulle verteenwoordiging op enkele uitsonderings na, beperk tot minder belangrike regeringsfunksies. Onder die omstandighede wat egter daar gegeld het, kan gekonkludeer word dat die mate waarin die vryburgers in die bestuursinstellings ge-akkommodeer is, van 'n liberale toegeeflikheid aan die kant van die V.O.C. getuig.

Gepaardgaande met die pasbespreekte reg van verteenwoordiging wat die vryburgers ten opsigte van geregtelike aangeleenthede geniet het, kom ook die reg van gelyke beskerming deur die howe ter sprake. Die burgerrade is aangestel om „over de vrylyuden fouten en delicten

te helpen besoigneeren en sentensieeren".^{58a} Derhalwe is daar verseker dat reg en objektiwiteit sou geskied wanneer vryburgers voor die hof sou verskyn.

'n Verdere reg wat die vryburgers ten volle geniet het, was dié op vryheid van meningsuiting. 'n Duidelike manifestasie hiervan was die verskeie klag- en versoekskrifte wat hulle aan die owerheid oorhandig het. Veral die een van 23 Desember 1658, waarin skerp aantygings teen die owerheid ingebring is, getuig van die vrymoedigheid waarmee hulle van hierdie reg gebruik gemaak het.

In die geheel gesien, blyk dit dat die vryburgers genoegsame politieke regte besit het, die tyd en omstandighede waarin hulle geleef het, inaggenome.

Ekonomiese Terrein

Die vryburgers se vernaamste strewe was om hul ekonomiese posisie sover as moontlik aan die Kaap te verstewig. Of hulle 'n lewe van welsyn deelagtig kon word, het dus grootliks van die regte en voorregte wat hulle op hierdie terrein te beurt geval het, afgehang.

Uit die ontleding wat in die voorgaande hoofstukke van hul ekonomiese lewe gemaak is, het geblyk dat daar baie tekortkomings was, maar nogtans kon geen duidelike bewyse gevind word dat die vryburgers 'n lewe van gebrek gely het nie.

Die groep wat ongetwyfeld die meeste voorregte geniet het, was die vryburgerboere. Nie alleen het die V.O.C. uit sy pad gegaan om hul vestingsvoorwaardes so aantreklik as moontlik te maak nie, maar ook selfs nadat hulle gevestig geraak het, is daar na hulle belange omgesien, soos die bystand wat hulle op verskeie terreine ontvang het dan ook getuig. Dit wil egter nie sê dat die vryburgerboere deurgaans met die behandeling wat hulle van owerheidsweë ontvang het, tevrede was nie. Hiervan getuig veral die twee versoekskrifte wat hulle op 27 Augustus 1657 en op 23 Desember 1658 onderskeidelik aan die Kommandeur en Politieke Raad voorgelê het.

Soos uit die bespreking van veral lg. versoekskrif duidelik geblyk het, was al hulle klagtes nie altyd volkome grondig en regverdigbaar nie. Dit doen egter geen afbreuk aan die feit dat sommige van hulle klagtes wel heeltmaal wettig was nie. Veral wat die graanpryse betref, het hulle genoegsame rede gehad om te protesteer. Aangesien hulle in die oorspronklike vestigingsvoorwaardes verplig is, nie alleen om graan te verbou nie, maar ook om dit aan die owerheid te lewer, het hulle dit as regverdig geag om te weet wat vir hulle graan betaal sou word asook dat daardie prys redelik sou wees. Eers nadat hulle met dreigemente voor die dag gekom het, het Van Riebeeck (let wel omtrent 2 jaar nadat die eerste vrybriewe uitgereik is) die prys aan hulle bekend gemaak. Hierbenewens is die grondigheid van hul klagtes duidelik deur die feit dat die V.O.C. uiteindelik ingestem het om 'n hoër prys te betaal, bewys. Op grond

58a. Van der Walt, Wiid en Geyer: *Geskiedenis van Suid-Afrika* (2de druk), p. 28.

daarvan dat graan hulle vernaamste bron van inkomste was, asook omrede hulle verplig was om dit te verbou, kan die behandeling wat die vryburgers hier te beurt geval het, as 'n ernstige miskennning van hulle regte beskou word.

'n Verdere nadeel waarmee die vryburgers te kampe gehad het, was die voortdurende inmenging wat hulle van owerheidsweë in hul boerderye moes verduur. Daar is nie slegs aan hulle voorgeskryf wat hulle moes plant en saai nie, maar ook hoe hulle dit moes doen en wat hulle met die opbrengste moes maak. Met ander woorde, die vryburgers was nie base op hul eie plase nie, maar in 'n sin slegs die boerende agente van die V.O.C.. Baie min is aan hul eie diskressie oorgelaat en dit verklaar ook moontlik waarom daar soveel probleme met die landbouproduksie aan die Kaap ondervind is. Deelname aan die bestuur van hulle boerderye, het hulle dus slegs gehad vir soverre hulle Van Riebeeck se instruksies nougeset nagevolg en uitgevoer het. Die geduld waarmee die vryburgers hierdie toestand verduur het, is heel verbasend, veral as in aanmerking geneem word dat hulle volle besitreg oor hulle gronde gehad het. Hierdie is egter een van die talle voorbeelde waar die V.O.C. se belange voorkeur moes geniet, al het dit ook beteken dat die vryburgers aan die kortste end moes trek.

Die voortdurende ekonomiese stryd wat tussen die owerheid en die vryburgers bestaan het, kan dan ook daaraan toegeskryf word dat eg. nie met die uitbreidende behoeftes van die gemeenskap wat hy aan die Kaap tot stand laat kom het, rekening gehou het nie. Die aanvanklike voorregte wat aan die vryburgers toegesê is, was klaarblyklik voldoende of bevredigend, want anders sou niemand uit vrye wil 'n vryburger wou word nie. Die probleem was egter dat die V.O.C., met die oog op kostebesparing, die toestand aan die Kaap sover as moontlik staties wou hou. Hiervan getuig baie duidelik die aantal regulasies en plakkate waardeur die vryburgers se ekonomiese aktiwiteite noukeurig gereël en afgebaken is. Hierteen het die vryburgers meestal stilweg gerebelleer vandaar hul toevlug tot onwettige handel met besoekende skepe, met die Hottentotte en selfs onderling.

Moontlik het die vryburgers te hoë verwagtinge ten opsigte van die voordele wat vryburgerskap hulle sou meebring, gekoester. Op die lange duur is hulle in hierdie verwagtinge teleurgestel veral as gevolg van die starre, konserwatiewe handelsbeleid wat die V.O.C. gevolg het. Hierdie teleurstelling blyk baie duidelik uit die feit dat klein groepies van tyd tot tyd die Kaap as verstekeling op skepe wou verlaat asook uit die onderskeie proteste, waarvan in vorige hoofstukke melding gemaak is.

Maatskaplike Terrein

Wat die vryburgers se behoeftes op hierdie terrein presies was, is moeilik bepaalbaar. Sekere feite dui egter daarop dat dit geensins omvattend kon gewees het nie. Ten eerste is dit bekend dat hierdie mense geen noemenswaardige formele opvoeding agter die rug gehad het nie. Inderwaarheid was heelwat van hulle ongeletterd, want soos reeds aange-

toon, kon sewe van die veertien persone wat die Versoekskrif van 1658 voorgeleê het, slegs met 'n merk teken.

„Op die gebied van kerk en skool . . . was toestande nie rooskleurig nie . . . Die onderwys, wat baie elementêr was, het onder beheer van die kerk gestaan en was derhalwe sterk godsdienstig gekleur”.⁵⁹ In Van Riebeeck se tyd was daar in werklikheid nog geen predikant aan die Kaap nie, alhoewel daar 'n kerksaal in die Fort was. Nagmaal is deur predikante van besoekende skepe bedien. Ook het hulle huwelike voltrek, maar by hulle afwesigheid kon pare ook voor die Politieke Raad in die eg verbind word. Ander godsdienstige verrigtinge is deur die sieketrooster waargeneem.⁶⁰ Hierdie reëlings is dan ook skynbaar deur die vryburgers as voldoende geag daar geen vertoë (tydens Van Riebeeck se termyn) tot die owerheid ter verbetering daarvan gerig is nie. Dit wil egter nie sê dat hulle 'n traak-my-nie-agtige houding hieroor ingeneem het nie. Daar bestaan wel genoegsame bewys dat hulle, nadat hulle gevestig geraak het, baie hoë waarde hieraan geheg het.⁶¹

Dat die V.O.C. wel geïnteresseerd was in die eerste vryburgers se maatskaplike welvaart, blyk veral uit die volgende voorbeelde: Ten eerste was daar die moeilike reëlings wat getref is om vryburgergesinne te verenig. Baie van die vryburgers se gesinne het in Nederland agtergebly en ten spyte van moeite en onkoste het die V.O.C. hulle na die Kaap laat kom om by die mans aan te sluit. Ten tweede was daar die omvattende verdedigingstelsel wat aan die Kaap in die lewe geroep is om onder andere ook die vryburgers se veiligheid te verseker. Onder hierdie omstandighede is hulle in staat gestel om hulle grootste onmiddellike doelwit, ekonomiese welvaart, te probeer verwesenlik.

Alles in ag genome, skyn dit asof die eerste Kaapse vryburgers genoeg regte en voorregte gehad het om 'n bestaan vir hulleself te verseker. Die gehalte van hierdie bestaan, wat hulle onder Kompanjebewind moes voer, het egter nooit die hoogtes bereik sodat daarna as 'n „lewe van welsyn” verwys kan word nie. Van Goens het dus profetiese woorde gespreek toe hy verklaar het dat „. . . want wij connen hier geen Edel lieden werden voor dat eerst goede Boeren geweest sijn”.

G. C. Olivier.

59. Van der Walt, Wiid en Geyer: *op. cit.*, p. 593.

60. Gie: *Geskiedenis van Suid-Afrika of ons Verlede*, Deel II, p. 81.

61. Vgl. Van der Walt, Wiid en Geyer: *op. cit.*, p. 593 e.v.